



HERNU U INTEKENING OP ONS BLAD NOU.

Duisende brandwagte het, sedert die eerste vlugskrifte van Die O.B. in 1941 verskyn het, die blad gereeld deur middel van kommando-intekening ontvang. Soos reeds aangekondig is besluit om oor te skakel van hierdie stelsel van intekening na die doeltreffender stelsel van direkte intekening.

Indien u tot dusver nog nie persoonlik u intekening op Die

O.B. hernu het nie, word vriendelik daaraan herinner dat dit van u verwag word.

Ooreenkomstig die oorskakelingsbesluit van die direksie moet die afsending van die blad aan kommando-intekenare definitief gedurende die loop van die volgende maand gestaak word.

Indien dit gebeur voordat u direk ingeteken het gaan u nie

ulanger die blad kry nie — waaroor die direksie baie spyt sal wees en waardeur u gevaar loop op die gereelde kontak met u leiers en met die stryd van die Ossewabrandwag te verloor.

Dit is gevolglik dringend noodsaaklik dat elke lid van die Ossewabrandwag onmiddellik op Die O.B. inteken.

Indien u dit nog nie gedoen het nie vul dan die intekenvorm op bladsy ses dadelik in en stuur dit saam met u intekengeld direk aan die maatskappy. Duisende het dit reeds gedoen!

In die tye waarin ons vandag leef; wanneer toestande onderhewig is aan skielike veranderinge; wanneer verwikkelinge van allerlei aard, waarby die O.B. in toenemende belangrikheid betrokke is, mekaar snel opvolg; is dit meer as ooit tevore noodsaaklik dat die mondstuk van ons beweging gereeld deur elke O.B.-gesin ontvang sal word.

Die Ossewabrandwag verwag dat elke lid sy plig sal doen.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 29 Oktober 1947. No. 47

Dalk Hoogverraad-Saak Teen Mev. Manie Maritz

Mev. Emma Maritz, die weduwee van wyle genl. Manie Maritz, is verlede week in haar huis op Bellville deur adv. L. C. Barrett, prokureur-generaal van Suidwes-Afrika, ondervra oor 'n besoek aan Lourenco Marques tydens die oorlog.

Op Stellenbosch is mnr. M. F. Toerien deur die speurdiens ondervra oor sy eie en ander mense se bedrywighede gedurende die oorlogsjare.

Hierdie ondervragings staan in verband met die regering se voorbereidings insake die sogenaamde „verkiesingsbom”. In verband met die besoek aan mev. Maritz moet elke Afrikaner onthou dat hierdie regering vir geen oomblik geaarsel het om selfs die weduwee van 'n man, wat deur die volk hoog geag word, die skrik op die lyf te ja om tog maar iets uit haar te kry wat gebruik kan word in die vervaardiging van 'n „bom” vir verkiesingsdoeleindes.

Voordat ons vertel wat daar gebeur het wil ons verduidelik dat ooreenkomstig die bepalinge van ons wet 'n persoon teen wie 'n aanklag hangende is nie mag ondervra word deur die polisie tensy die persoon eers ge-waarsku word dat hy niks hoef te sê nie, maar dat wat hy sê as getuie teen hom gebruik kan word. In hierdie geval was dit nie die polisie wat die vrae gestel het nie — alhoewel daar 'n speurder teenwoordig was — maar wel 'n prokureur-generaal; en nogal nie eens die prokureur-generaal van Kaapland nie, maar wel mnr. Barrett van Suidwes-Afrika.

DUITSE KONSUL

Wat mnr. Barrett gedoen het was die volgende: hy het mev. Maritz gevra omtrent sekere besoeke wat sy na Lourenco Marques sou onderneem het gedurende die oorlog. Hy wou weet of sy die Duitse konsul daar ontmoet het en hy wou voorts weet of sy daarheen gegaan het met boodskappe van dr. J. F. J. van Rensburg aan die Duitse konsul.

Ons weet nie of mev. Maritz dit besef het nie, maar dit is vir ons duidelik dat hierdie vrae gestel was met die doel om getuie in te samel teen dr. Van Rensburg vir die sogenaamde „verkiesingsbom” — wat natuurlik niks anders is as die vervolging van dr. Van Rensburg nie.

Toe mev. Maritz verklaar dat sy die Duitse konsul nie ken nie en dat sy van dr. Van Rensburg geen boodskap gekry het nie, het mnr. Barrett nie geaarsel om die arme weduwee die skrik op die lyf te ja met die mededeling dat sy van hoogverraad aangekla gaan word; voorts het hy haar aangeraai om regsadvies in te win.

TREURIGE VERSKYNSEL


Ons ag dit ons plig om aan ons lesers te beklemtoon dat ons hier te doen het met 'n advokaat, 'n man wat die posisie beklee van prokureur-generaal, wat belas is met die taak om getuie wat voor hom gelê word deur die polisie onpartydig te beoordeel en om dan te besluit of 'n vervolging moet plaasvind. Die taak van 'n prokureur-generaal is beslis nie dié van 'n speurder nie. Die man wat moet vervolg kan nie gelyktydig getuie aflê in die saak nie. In hierdie geval het die kroonvervolger, sonder om haar te waarsku, probeer getuie kry van 'n vrou, wat hy sê hy gaan aankla van hoogverraad.

Mnr. Barret beweer dat hy gestuur is deur die Minister van Justisie. Ons weet nie wat die motief van die Minister was om een van sy hoë amptenare op so 'n sending te stuur nie; ons (Vervolg op bls. 3)

Britse Juwele Vir V.S.A.

Die Britse volk is versoek om al hul goue kleinode en juweliersware aan die skatkis te oorhandig sodat dit vir dollars verkoop kan word om Brittanje in sy ekonomiese herstel te help. Die oproep is gedoen deur die Britse minister van finansiss, mnr. Hugh Dalton.

Het Teen Brittanje Geveg



O.B.-LEDE IS WELKOM IN A.P., SÊ MNR. HAVENGA

„Lede van die Ossewabrandwag is net sulke goeie Afrikaners soos dr. Malan en ekself,” het mnr. N. C. Havenga verlede Vrydagaand op Memel verklaar toe hy die posisie van lede van die O.B. in die Afrikanerparty behandel het. Die Afrikanerparty het nog nooit lede van die O.B. lidmaatskap geweier nie. Die party se deure is oop vir ondersteuners van alle nasionaalvoelende groepe en hy is gladnie bang dat nasionale samewerking deur die aanwesigheid van lede van die O.B. in gevaar gestel word nie.

Spr. het gesê dat hy nooit lid van die Ossewabrandwag was nie en nooit die Ossewabrandwag se ideologiese opvattinge

onderskryf het nie. Sedert die tyd dat die Afrikanerparty gestig is, het hy egter die standpunt ingeneem dat die Ossewabrandwag bestaan uit goeie Afrikaners.

Lede van die Ossewabrandwag is dus nooit lidmaatskap van die party geweier nie. „Ek glo dat as ons wil vorder, ons die samewerking van almal moet hê,” het mnr. Havenga gesê.

Lede van die O.B. kan lede van die party word sonder dat die party hul ideologiese opvattinge aanvaar. As gevolg hiervan, hoop spr., sal daar geleentheid vir magtige samewerking wees. Spr. vrees gladnie dat nasionale samewerking deur

die aanwesigheid van die O.B. in gevaar gestel word nie.

Hulle onderskryf die beleid van die party en as leier neem hy die O.B.-lede ter goeder trou aan. Daar is geen aanduiding dat hulle by die party met ander motiewe as slegs die hoogste aansluiting het nie, of dat hulle die party se samewerking met die Nasionale party in gevaar wil stel nie.

Hy is daarvan oortuig dat elke lid van die O.B. in die party voornemens is om die ooreenkoms tussen die A.P. en die H.N.P. uit te voer, het mnr. Havenga verklaar.

Lede van die Ossewabrandwag wat by die Afrikanerpar-

'n Aantal veterane uit die Engelse Oorlog wat onlangs die re-unie van oudstryders te Klerksdorp bygewoon het. Hulle is van l. na r.: Komdt. J. W. Viljoen, Zeerust; komdt. J. J. Myburgh, Florida; dr. H. D. van Broekhuizen, Pretoria; kapt. Henri Slegtakamp, Middelburg, Tvl.; kapt. J. J. Naude, Zeerust; mnr. P. J. Mulder, burgemeester van Klerksdorp en voorsitter van re-unie; mnr. I. J. Mulder van Klerksdorp wat aanwesig was by die gevangenering van Winston Churchill; en mnr. T. Donges, Heidelberg.

ty aansluit onderneem om kandidaat van die samewerkende partye ten volle te ondersteun.

Mnr. Havenga het gesê dat hy 'n paar dae gelede die kans gehad het om senator te word, dog sy eerste doel is tans om die prestige van die Afrikaner, wat gedurende die afgelope aantal jare gedaal het, te herstel. Hy het die hoop uitgespreek dat samewerking uiteindelik sal lei tot algehele eenwording van die Afrikanervolk. Eenheid moet egter spruit uit vertroue en moet nie geforseer word nie.

WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Op 3 September 1939 het Brittanje oorlog aan Duitsland verklaar. As een van die oogmerke van die oorlog is genoem veiligheid en vrede. Die uitslag van die oorlog was dat Europa in twee verdeel is met 'n dreigende oorlog tussen Oos- en Wes nog voordat formele vrede met Duitsland gesluit is.

Tot watter nut was die oorlog vir die wêreld?

Het Zuidafrikaanse Onderlinge Lewensverzekering-Genootschap

102e ALGEMENE JAARVERGADERING

Fondse Oorskry Vier-en-Vyftigmiljoen Pond
Groot Toename in Ledetal en Verzekering

VOORSITTERSREDE

Die 102e Algemene Jaarvergadering van Het Zuidafrikaanse Onderlinge Lewensverzekering-Genootschap is op Maandag, 27 Oktober 1947 om 2.30 nm. gehou.

Die voorsitter het die vergadering as volg toegesprek:

Dames en Here,
Ons vergader vandag as medeleders van die Ou Mutual op sy algemene jaarvergadering om die verslag van die Direkteure en die Rekenstate en Balansstaat ten opsigte van die afgelope boekjaar te oorweeg.

Die hoofbestuurder sal die kennisgewing wat hierdie vergadering belê lees.

Daar is die vereiste kworum teenwoordig en ek verklaar hierdie vergadering behoorlik geconstitueer.

Die direksie was weer daartoe in staat om die verslag en die rekenstate gedruk en aan alle lede uitgereik te kry en u kan hulle as gelees beskou.

EISE

Gedurende die jaar het ons 1,284 lede weens sterfte moes afgee en die betrokke polisse, nl. 212, was minder as vyf jaar van krag. Die gemiddelde ouderdom by inskrywing kragtens hierdie polisse was 40 en die bedrag uitbetaal was £143,854. Daar was eise kragtens 40 polisse wat meer as 55 jaar van krag was. Onder dié was ons eerste honderdjarige wat in die jaar toe die Ou Mutual opgerig is, gebore is en hy was vir 73 jaar verseker. Sy polis, oorspronklik £1,000, is met bonusse van £2,936 tot £3,936 verhoog.

Ondanks die grootliks vermeerderde ledetal, het eise weens dood met £136,617 toegeneem, naamlik van £1,544,066 in 1946 tot £1,407,449 wat sorg en diskriminasie in die keuse van lewens weerspieël. Huidige lede is daarop geregtig dat diegene wat die voorreg ontvang om as lede aanvaar te word elke vooruitsig van 'n lang lewensduur sou hê.

STERFGEVALLE

Onder die sterftes wat ons betreur, was:

Mnr. James C. Hoole, Kassier van die Ou Mutual van 1903 tot 1938, wat op die ouderdom van 74 jaar met pensioen oorlede is.

Mnr. T. E. James, Distriksbestuurder te Pietermaritzburg, wat op die ouderdom van 62 oorlede is, nadat hy slegs ses maande met pensioen was.

Mnr. A. C. R. Bamford Distriksbestuurder in Oos-Afrika, wat op die vroeë ouderdom van 43 jaar, na 'n lang siekbed, oorlede is.

Mnr. L. M. du Toit wat vir 15 jaar 'n nuwe-besigheidsverteenwoordiger op Caledon was, wat met pensioen op die ouderdom van 76 jaar oorlede is.

AFTREDENDES

Afgesien van verliese weens dood, het die Ou Mutual die dienste van 'n aantal distriksbestuurders en gewese verteenwoordigers weens aftrede as gevolg van ouderdom of swak gesondheid verloor.

Mnr. H. J. Alexander, Waarnemende Distriksbestuurder op Benoni voor hy in krygsdiens gegaan het; mnr. B. W. M. Senet, voltydse verteenwoordiger in die Oranje-Vrystaat vir 21 jaar; mnr. G. V. MunGavin, distriksbestuurder onder die Durbanse takbesigheid; mnr. D. J. Botha, Distriksbestuurder op Cradock, Graaff-Reinet, Potchefstroom en Kaapstad; mnr. H. H. A. de Vos, Distriksbestuurder onder die Oranje-Vrystaatse takbesigheid, en mnr. P. M. van der Westhuizen, Distriksbestuurder op De Aar en onlangs van Paarl.

HOOFKANTOORRAAD

Die Direkteure wat vanjaar volgens rotasie moes aftree, was dr. J. G. van der Horst, en die here C. W. H. Kohler en R. van Selm. Die here George Barnes en R. W. Bowen is ook benoem. As 'n gevolg van die verkiesing pas voltooï, is die drie aftredende Direkteure herkies.

NUWE BESIGHEID

Die nuwe besigheid wat vanjaar voltooi is, het £30½ miljoen oorskry — 'n vermeerdering van meer as £8½ miljoen bo verlede jaar se syfer. Hierdie prestasie van 'n 40 persentoename, weerspieël sowel die mate van onder-assuransie en die finansiële welvaart van Suidelike Afrika. U sal seker ook u hulde wil bring aan die wakkerheid en doeltreffendheid van ons buitemuurse personeel.

ONKOSTE

Die onkoste is die hoogste in die geskiedenis van die Ou Mutual indien gesien as 'n persentasie van die premies. Die toename is hoofsaaklik te wyte aan die groot hoeveelheid nuwe besigheid geskryf; aan die groot duurtetoelag aan die personeel — sowel binne- as buitekant betaal — en aan die betaling van introduksiekommissie op verbandslennings. Indien hierdie syfer verander word om die uitwerking van die groot volume nuwe besigheid uit te skakel, sal daar gevind word dat die vernuwingsstarief minder is as dié ervaar in 1942, en om verwant te wees aan die tarief in 1939, die laaste vooroorlogse jaar. Die koste van die verkryging van ons groot nuwe besigheid het 'n gestadige afname weerspieël. In 1939 was dit £1-16s 6d. vir elke £100 aan nuwe assuransie geskryf. Verlede jaar het dit tot £1 15s. 1d. geval en vanjaar is dit verder tot £1 13s. 5d. verminder. Polishouers kan gerus wees dat die bestuur van die genootskap voortdurend beheers word deur dieselfde gees van besparing as in die verlede.

PREMIE-INKOMSTE

Die premie-inkomste het gedurende die afgelope drie jaar aansienlik toegeneem, synde £4,409,885 vir 1945; £4,794,184 vir 1946 en £5,397,946 vir 1947, met toenames bo die vorige jaar van £448,166; £384,299 en £603,762 onderskeidelik. Terwyl daar 'n afname was in 1946, was die 1947-toename die hoogste op rekord.

FONDSE

Ons totale fondse, insluitende pensioen- en ander inwendige fondse, oorskry £54 miljoen. Ons effektheburssekuriteite op 30 Junie 1947 word in ons balansstaat teen meer as £800,000 onderkant hul markwaarde getoon en gedurende die jaar het ons 'n wins van £405,898 op die verkoop van effekte gemaak. Al die eiendomme wat die Genootskap moes oorneem in die verlede omrede die nie-betaling van kapitaal en rente en die in gebreke bly om 'n redelike bedrag te verkry ten tyde van die oproep van die verband, is nou verkoop teen pryse wat hoër is as die boekwaardes.

U sal merk dat al die persele behorende aan die Ou Mutual, versprei dwarsdeur Suidelike Afrika slegs op £1,548,494 gewaardeer word. Hierdie waardering is £412,411 onder die Munisipale Waardering van hierdie eiendomme. Boonop het ons 'n gebeurlikheidsfonds van £750,000 en 'n beleggingsreserwefonds van £540,265. Ons lede kan dus gerus wees dat ons bates 'ten volle verseker is en goed bokant die waarde is waarop hulle in die Genootskap se boeke staan.

VERHOOGDE TARIWE

Lede sal merk dat die afwaartse neiging in die rentekoers van die Genootskap se fondse eindelijk stopgesit is.

Verlede jaar is melding gemaak van die feit dat ons nuwe terrein betree het deur 'n bekendstellingskommissie aan te bied ten einde nuwe verbandslennings te kan aangaan. Die rekenstate voor u toon hoe doeltreffend hierdie nuwe veldtog gewees het, maar die volle uitwerking van die hoër rentekoers op verbandslennings is nog nie gevoel nie. Dit sal medeleders miskien interesseer om te vernemen dat terwyl die gewone rentekoers op nuwe beleggings in 1945 slegs £3 8s. 10d. was, dit in 1946 gestyg het tot £3 17s. en vir hierdie afgelope jaar nog verder gestyg het tot £4 11s. 4d. Gedurende die jaar het die verbandbeleggings gestyg van £6,800,000 tot byna £13½ miljoen. Ten einde hierdie groot verpligtinge te kan nakom, is staats- en munisipale effekte ter waarde van meer as £4 miljoen verkoop en 'n wins van meer as £400,000 is daarop gemaak. Teen die einde van die jaar het die gesamentlike beleggings vir 55.7 persent bestaan uit beurs-sekuri-teite; vir 9.1 persent uit ander munisipale lenings; vir 25.5 persent uit verbande; vir 1.4 persent uit skuldbriewe en vir 5.3 persent uit polislenings.

UDITEURSVERGOEDING

Die groei van die Genootskap — sowel ten opsigte van die grootskaalse nuwe besigheid wat aangegaan is as van die groot aantal verbandslennings wat uitgereik is — het die ouditeure baie meer werk besorg en u Raad beveel derhalwe aan dat hul jaarlikse vergoeding verhoog moet word met £300 elk.

JAARLIKSE VERKIESINGS

'n Verklaring oor hierdie saak is aan alle polishouers gestuur en u direksie reken dat dit u sorgvuldige oorweging verdien. Hy wil die aandag bepaal by die feit dat die Genootskap in elk van die afgelope drie jaar verkiesings moes hou, die koste waarvan nie alleen vir die polishouers omstreeks £10,000 beloop het nie, maar ook die personeel aansienlik meer werk besorg het. Die omvang van hierdie bykomstige werk sal besef word as hier vermeld word dat stembrieffies uitgestuur moet word na nie minder as 180,000 lede wat oor die hele subkontinent van Suidelike Afrika sowel as in oorsese lande versprei is.

U direksie sou gelukkiger gevoel het indien polishouers in sterker getalle gestem het by hierdie verkiesings. By die jongste verkiesing byvoorbeeld het slegs 22 persent van die stemgeregtigdes van die Genootskap hul stemme uitgebring.

As gedeeltelike verklaring vir hierdie lae persentasie kan genoem word dat 'n aantal polishouers verklaar het dat hulle nie bevoeg is om te stem nie aangesien hulle die aspirantkandidate nie ken nie. Hierdie toestand van sake is onvermydelik waar die Genootskap so 'n uitgebreide lys polishouers het, en dit is hier waar die direksie aan die polishouers die nodige leiding kan verskaf deur diegene te nomineer wat hulle as geskikte kandidate vir die toevallige vakatures beskou. Waar sodanige nominasies gedoen word, lê die direksie hom in die eerste plek daarop toe om manne met die nodige ondervinding, oordeelkundigheid en reputasie te nomineer wat hulle as die waardevolste aanwinsts vir die Genootskap beskou. Die gevoel is dat sommige van die onlangse verkiesings oorbodig was en dat indien die verkiesingstelsel moet bly boortbestaan, daarop een of ander manier stappe gedoen moet word deur die polishouers om dit te verbeter.

Ek het tans 'n oorsig gegee van die vernaamste bedrywighede in die afgelope jaar.

Die lede moet gelukkigens word met die pragtige vooruitgang wat deur die Genootskap (Vervolg in volgende kolom)

Opwekkingsweek: V.P. Teleurgestel

Verlede week het die Verenigde Party sy kragte in Kaapland gemonster. Kabinetministers, volksraadslede, provinsialeraadslede, organiseerders, voorsitters en sekretarisse van die regeringsparty het op Kaapland toegesak met 'n stortvloed van woorde, rolprente, jaartse wors, koek, koffie en danspartye. Van die ooste tot die weste, van Namakwaland se diamantkus tot vër anderkant Oos-Londen, waar die Prinses die droogdok geopen het; op die platteland en in die stede — ja oral was die Verenigde Party aan die woord.

Dit kon 'n indrukwekkende kragmontering gewees het. Dit was nie. Trouens, verlede week het die treffende bewys gelewer dat Kaapland staan teenoor die Verenigde Party. Insteede dat die „opwekkingsweek” die vonke van gloeiende geesdrif vir veldm. Smuts se party in Kaapland laat spat het, kan beswaarlik uit die asse van koue vuurtjies vlammetjies geblaas word.

KLEIN GEHOORTJIES

Die „opwekkingsweek” het misluk tensypte daarvan dat die Verenigde Party-organiseerders alles in hul vermoë gedoen het om 'n sukses daarvan te maak. Dit het misluk omdat die Verenigde Party eenvoudig nie daarin kan slaag om die publiek „op te wek” nie. Vir die Verenigde Party moet dit verbysterend wees dat selfs ministers maar gehoortjies van tussen 'n vyftig en honderd mense in vestings van die party getrek het. Min J. W. Mushet het in sy eie kiesafdeling maar 70 mense; en op Malmesbury maar 80 mense toegesprek. En dit het gebeur onder die propaganda-gekleetter van „opwekkingsweek”.

Hoewel elke verhoog in Kaapland verlede week deur 'n V.P.-spreker beset was, is nêrens 'n nuwe geluid gemaak nie. Die oorbekende ou V.P.-storiëttjies is maar weer herhaal en meestal volgens bekende patroon vir die soveelste maal voorgedra. Die publiek het weer gehoor dat die regering die oorlog suksesvol deurgesien het; dat die regering ook die vrede gaan deursien; dat S.A. beter daaraan toe is as ander lande; dat die foute van die regering maar van administratiewe aard is en nie die groot beginsels raak nie; dat die opposisie onbevoeg is om die land te regeer; dat veldm. Smuts 'n groot man is; ens. ens. tot vervelens-toe.

INGETOENHEID

Die hoogtepunt van die opwekkingsweek was ongetwyfeld die vergadering van veldm. Smuts in die Kaapstadse stadsaal. Dit was egter nie 'n skitterende hoogtepunt nie. Soos die geval met alle koortjiesvergaderings is, het 'n betaamlike ingetoenheid die verrigtinge gekenmerk en is dit nie ontsier met onstuimige geesdrif nie! Volgens bekende patroon het veldm. Smuts weereens lieflike vergesigte gesien van 'n vredige Suid-Afrika, onder 'n gemoedlike V.P.-bewind.

Die enigste belangrike verklaring wat gedurende die hele week in Kaapland gedoen is was die aankondiging van veldmaarskalk Smuts

gemaak is, veral in die afgelope jare. Ons gaan van krag tot krag voort en bou 'n Genootskap op van ongeëwenaarde sterkte en stabiliteit wat uitsluitend bestaan vir die welsyn en welvaart van sy lede en vir diegene wat in die toekoms ons uitnodiging aanvaar om aan te sluit as mede lede.

Dames en Here,
Dit doen my nou genoeg om voor te stel dat die 102e Jaarverslag van die direksie vir die jaar wat op 30 Junie 1947 gesluit het, tesame met die bygaande finansiële verklarings, goedgekeur en aangeneem word.

oor sy party se kleurbeleid. Hy wil die natuurlike „integreer” in die blanke samelewing, omdat die ekonomiese ontwikkeling van S.A. afhanklik is van natuurlike arbeid. Hy wil egter die natuurlike in „parallele” dorpe, apart van die blankes naby die nywerhede, huisves. Wie aan die kleurlinge se bestaande regte wil torring sal met die V.P. te doen kry, het hy gewaarsku.

Veldm. Smuts het in Kaapstad gesê dat die Herenigde Nasionale Party 'n algemene verkiesing net na die koningsbesoek verwag het, en gevolglik hul kragte met voorbarige voorbereidingswerk verspil het; dit mag so wees. Maar diegene wat V.P.-opwekkingsweek deurmaak het vra hulleself af: waar is veldm. Smuts se kragte! Hou hy dit in reserwe?

En hoop hy dat die ontplofing van sy verkiesingsbom hierdie „reserwe” sal opwek!

Indië Kla S.A. Weer Aan

Nieteenstaande daar dood en verderf in Indië heers as gevolg van die grootskaalse broedermoord tussen ondersteuners van Pakistan en Hindustan, gaan die Indiërs in die V.V.O. voort met hulle vermetele stryd teen die Unie.

Gedurende die afgelope week is Suid-Afrika daarvan beskuldig dat hy in gebreke gebly het om uitvoering te gee aan die besluit van die V.V.O. deur te weier om die aansoek van die regering van Indië te aanvaar as grondslag vir samesprekings, en dat daar geen stappe gedoen is om die diskriminerende wetgewing teen Indiërs in Suid-Afrika op te hef nie. Hulle het die V.V.O. gevra om op te tree.

(Van die V.V.O. het genl. Smuts die afgelope week gesê: „Waarom sal ons, ons steur wat die V.V.O. sê. Ek het groot respek vir die V.V.O., maar hy is nog onvolwasse. Hulle praat daar van toestand waarvan hulle geen besef het nie.”)

Lewenskoste Byna 50 Pst. Hoër As 1938

In September was die gemiddelde lewenskoste in die Unie 40.9 persent hoër as in 1938, soos blyk uit die syfers van die Kantoor van Sensus en Statistiek wat nou vrygestel is.

Ontleding van die syfers toon dat die lewenskoste in die Unie maand na maand hoër klim. In vergelyking met Augustus was die lewenskoste in September 0.4 punte hoër as die voorafgaande maand.

Daar was 'n verhoging in die prys van groente en klerasie, terwyl daar 'n daling in die prys van eiers en wasstowwe was.

JODE WIL BESKERMENDE WETGEWING HÊ

Die politieke korrespondent van The Jewish Herald waarsku sy lesers, in die uitgawe van 10 Oktober, dat die Britse Konservatiewe Party gevaar loop om die weg van anti-semitisme op te gaan. Hy vertel dat 'n afgevaardigde op die Party se kongres verklaar het: „In Palestina word elke maand twintig Britse soldate vermoor en die enigste besorgdheid wat die Britse Sosialistiese regering openbaar is dat daar tog nie anti-semitiese uitbarstings in Engeland moet voorkom nie.”

Die korrespondent vertel voorts aan sy lesers dat hierdie toespraak met luidrugtige applous deur die afgevaardigdes ontvang is. Dis glo juis die knoop — die afgevaardigdes moes oënskynlik nie die toespraak geesdriftig ontvang het nie! Sou die Engelse Jode dan verwag dat hul rasgenote in Palestina maar die Britte aldaar kan dood en karnuffel sonder dat die Engelse in Engeland 'n oog daaroor moet knip?

DIE SONDEBOK

Die korrespondent glo ten slotte dat selfs die groot politieke partye in Engeland voortaan die Joodse kwessie vir eleksiedoeleindes gaan gebruik. „Die ou sondebok kan weer ingespan word om aan bewind te kom, net soos Hitler in 1933 gedoen het,” besluit die korrespondent.

Dit is nie die eerste keer dat getuïenis van 'n groeiende anti-Joodse gevoel in Engeland gelewer word nie. Heelwat berigte het die buiteland bereik van anti-Joodse betogings en vergaderings, ens., wat in London sou plaasgevind het. Die anti-Joodse veldtog word glo geleidelik deur die pasgestigte Bond van Oud-Gediendes wat die plaasvervanger of opvolger van Sir Oswald Moseley se Britse Bond van Fasciste is.

DIE AGITATOR

The Jewish Herald berig dat die stygende Fascistiese agitatie dwarsdeur Brittanje Sondagaand (21 Sept.) die toppunt bereik het toe Geoffrey Hamm in hegtenis geneem is. Die blad beskryf Hamm as „een van die vernaamste Fascistiese Agitatoren”. Hamm is in hegtenis geneem net nadat hy in die Oos-Einde van London 'n openbare monstervergadering toegesprek het.

Hamm sou by die geleentheid gesê het: „Binne vyf jaar sal miljoene Britte die bond ondersteun in sy stryd teen mongoolse en Asiatiese Kommunisme en teen die bedreiging van die Internasionale Joodse Geldmag.” Voorts sou Hamm, wat oënskynlik 'n voorvoel gehad het, verklaar het: „Indien ek in hegtenis geneem word, sal ek die stryd vanuit my tronksel voortset. Ons steur ons nie aan die Direkteur van Openbare Aanklagte nie. En, as daar in die toekoms een van ons lede in hegtenis geneem word sal ons weer om verhoor te word deur Daniel Hopkin.”

The Jewish Herald verduidelik dat Daniel Hopkin 'n Londense magistraat is „wat onlangs 'n toespraak in 'n Londense sinagoge gehou het.” Voorts vertel die blad dat Hamm wel in die hof voor mnr. Hopkin verskyn het.

(Sapa-Reuter het berig dat Hamm op Saterdag 18 Oktober met £25 beboet is, wat 12 maanden lank opgeskort is op voorwaarde van goeie gedrag.)

TOETSSAAK

Hamm is gearresteer om van sy geval 'n toetssaak te maak. Die regering wou uitvind of die bestaande wetgewing toereikend is om die Fascistiese agitatie te stop. The Jewish Herald verklaar dat die agitatie kragtige en wydvertakte steun geniet — van die aanhangers van alle politieke partye, hoewel nie van die partyleiers nie. Dit is interessant om daarop te let dat „fascistiese agitatie” en „anti-Joodse agitatie” vir die blad blykbaar sinoniem is.

SPRINGBOK LEGIOEN

Mnr. „Jock” Isacowitz, die hoof van die Springbok Legioen, hou die stappe wat deur die Raad van Burgerlike Vryhede in Engeland gedoen word noukeurig dop vertel die blad. Die Springbok Legioen gaan hom beywer vir wetgewing wat rasseopsweping sal verbied en wat Fascistiese organisasies onwettig sal maak in Suid-Afrika. Ter bevordering van hierdie doel het 'n afvaardiging van die Legioen glo reeds 'n onderhoud met dr. Colin Steyn, waarnemende minister van justisie, gehad. Dr. Steyn sou gesê het dat hy nog altyd ten gunste van 'n verbod op rasseopsweping was.

Wat 'n toetssaak betref het die Suid-Afrikaanse regering darem die Britse bewind voorgespring. Adv. O. Pirow is onlangs £40 beboet omdat hy die blankes teen die natuurlike sou opgesweepte het! In adv. Pirow se geval was daar nou wel nie sprake van opsweping teen die Jode nie, — maar 'n nuttige president is darem geskep.

IN DUITSLAND

In die lig van die Jode se besorgdheid oor anti-Joodse neigings wat hulle oral meen te bespeur gaan 'n mens se gedagtes onwillekeurig terug na die vóór-Hitlerse Duitsland toe soortgelyke wolkies so groot

soos 'n mens se hand aan die Duitse uitspannel verskyn het. Waarnemers vertel dat die anti-Joodse gevoel in Duitsland in daardie dae sy beslag gekry het in die openbare vakansie-orde en beroemde badplekke van die land. Na die eerste wêreldoorlog het die Jode, wat in teenstelling met die Duitsers volop geld gehad het om te spandeer, na hierdie plekke gestroom. Op hierdie plekke was die Jode kaatjie van die baan en daar het hulle hul geld en hul oorvloed onder die neuse van die Duitsers gevrywe. Die Duitsers het nie daarvan gehou nie en die Jode het later duur betaal vir hul luidrugtige spoggerij.

SUID-AFRIKA

Ons weet nie of die Engelsman wat bykans elke week sy gordel 'n gaatjie nouer moet trek nie, sodanige Joodse baljaarery by sy ontspanningsoorde te sien kry nie; ons weet wel wat in Suid-Afrika gebeur.

Daar is nie 'n vakansieplek in ons land, of érens 'n skone oord waar mens nie bykans elke Sondag talle luidrugtige Jode met blink motors aantref nie. Gaan die Afrikaner en sy vrou met verlof na een van ons land se gesondheids- of plesierhotelle dan vind hy die Jood daar — op die tennissbane, in die swembad, in die sitkamer, voor die klavier, in die badkamer, langs die skreeuende radio, — ja, orals.

In Suid-Afrika praat niemand hardop oor hierdie dinge nie, maar daar is baie mense wat brom.

Dit word soms beweer dat 'n land net 'n bepaalde kwota Jode kan dra: sodra die Joodse bevolking die kwota oorskry ontstaan 'n anti-Joodse gevoel. Die waarheid van hierdie bewering is twyfelagtig. Miskien is dit meer korrek om te sê dat die Joodse bevolking van 'n land net 'n bepaalde kwota van die land se rykdom mag besit: sodra hulle hierdie kwota oorskry ontstaan 'n anti-Joodse gevoel. As laasgenoemde bewering waar is, dan is anti-semitisme 'n probleem, wat die Jode self kan reguleer deur bv. 'n kontroleur van Joodse rykdom aan te stel!

V.S.A.

Bewapen

Sê Russe

Die V.S.A. is gewikkel in 'n koersagtige bewapeningswedren teen Rusland, volgens Zjdanof, sekretaris van die hoofkomitee van die Sowjet se Kommunistiese Party.

Hy beskryf die Marshall-plan vir Europa as 'n „verslawingsplan” wat ten doel het om Amerikaanse imperialisme uit te brei. Hy het verder verklaar dat die invloed en mag van die Kommunisme in Oos-Europa, Duitsland, Nederland, België, Noorweë, Denemarke en Finland baie toegeneem het.

Brittanje Byt Lankal Groot Happe Uit Sy Goudreserwe, Sê Blad

Brittanje is baie lankal besig om betalings uit sy goudreserwe te maak en dit is volkome onwaar om te wil voorgee dat hy dit vir die eerste keer op 19 September gedoen het om Amerika te betaal, skryf die goedingelike Britse blad, Review of World Affairs. Brittanje het reeds by 'n vorige geleentheid sy toevlug tot sy goudreserwe geneem.

Mnr. Hugh Dalton, minister van finansies, het op 19 September aangekondig dat Engeland vir die eerste keer sy goudreserwe aangespreek het om vir sy invoer te betaal.

„Dis is jammer dat die waarheid nie aan die publiek vertel word nie. 'n Direkteur van die Switserse Nasionale Bank het self aan ons waarnemer syfers getoon van goudoordrag wat weke gelede uit Londen na Switserland gestuur is om in die behoefte te voorsien.” Egipte het gedreig om alle handelsbetrekkinge uit Brittanje te verbreek as hy nie sterling in Switserse frankie kan omsit nie, — en omdat Brittanje 'n desperate tekort aan frankie gehad het, het hy van sy goedreserwe gestuur om frankie in die hande te kry, skryf die blad.

Britse Goudreserwe

Sedert September het Engeland £50,000,000 se goud in Amerika verkoop, volgens 'n aankondiging wat die afgelope week in Londen gemaak is. Finansiële deskundiges in Londen meen dat Brittanje genoodsaak sal wees om binnekort weer sy goudreserwe aan te spreek.

Deur hierdie goudverkoop is Brittanje se goudvoorraad reeds tot £550,000,000 verminder.

DALK HOOGVERRAAD-SAAK TEEN MEV. MANIE MARITZ

(Vervolg van bls. 1)
kan net sê dat dit 'n treurige verskynsel is in ons regspleging dat advokate en prokureur-generale nou gebruik word om vrouens die skrik op die lyf te ja en om inkriminerende getuïenis in te samel.

Die enigste verklaring wat ons vir die Minister se gedrag kan vind is dat die regering gewoon geraak het aan die dwingelandy van die oorlog, toe privaat persone eenvoudig in die tronk gestop is en daar in kommunikoos gehou is om 'n erkenning van skuld vir hul gewaande misdaad van hulle af te dwing.

Hierdie een enkele feit is reeds genoegsame rede vir die volk om boet te roep. Tot hier toe het die regering gegaan — nie verder nie!

KAAPSTAD EN OMSTREKE

Die ondervraging maak glo deel uit van die uitgebreide pogings wat tans deur die Suid-Afrikaanse speurdiens aangewend word om getuïenis in te samel vir die vervolging van sekere persone wat deur die regering verdink word dat hulle hul aan hoogverraad skuldig gemaak het tydens die oorlog.

In hierdie verband word die naam van die kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, dr. J. F. J. van Rensburg openlik genoem.

Nog onlangs is 'n oud-geïnterneerde, mnr. J. J. Rokebrand van Brakpan in hegtenis geneem vir ondervraging. In 'n verklaring het hy bekendgemaak dat die speurders hom meege-deel het dat hy verdink word daarvan dat hy boodskappe van dr. Van Rensburg na die Duitse konsulaat in Lourenço Marques geneem het tydens die oorlog.

Die soektog na informasie

wat, na gemeen word, die getuïenis wat die Rein-kommissie in Duitsland versamel het, moet aanvul, het nou na Kaapstad en omstreke uitgebrei.

VERRASSINGSELEMENT

Dit is bekend dat die regering voornemens is om oorlogsverhoor in Suid-Afrika in te stel, ooreenkomstig die Neurenberg-patroon. Vooraanstaande Afrikaners, waaronder dr. J. F. J. van Rensburg is oënskynlik aangemerkt vir die rol van aanklagdes.

Die klagskrif teen hierdie Afrikaners sal glo die sogenaamde „verkiepingsbom” bevat waarmee die regering trae en ontevrede kiesers panikerig wil maak in die hoop dat hul dan, self teen hulle sin, vir die regeringsparty sal stem.

Na verneem word is veldm. Smuts baie ontevrede dat hierdie voorneme van die regering vroegtydig uitgelek het. Hy vrees dat sy „verkiepingsbom” reeds aan ontplofbaarheid verloor het omdat die verrassings-element daaruit verwyder is.

Mensdom Ly Honger

Die helfte van die wêreld se mense is baie naby aan hongersnood en veertig persent van hulle is kinders, het die voorsitter van die internasionale adviserende komitee van die V.V.O. verklaar.

In Europa leef 60 miljoen kinders op die gevaarlyn en in die Verre-Ooste sowat 140 miljoen. In Europa alleen ly 4,500,000 kinders aan toring, het hy gesê.

Uitsprake Wat Waar Bly

By die monument, 16 Desember 1938 het dr. J. F. J. van Rensburg namens die Oranje Vrystaat gespreek. Die Gedenkboek van die Ossewatrek meld o.a.: „Dr. J. F. J. van Rensburg is op besonder hartlike wyse begroet. Toe hy opstaan om te praat is hom spontaan die Vrystaatse Volkslied toegesing en dwarsdeur sy rede is hy luid toegejuig Eindelik het dr. Van Rensburg die noodsaaklikheid beklemtoon om 'n liefdevolle belangstelling te koester in die sinkende deel van die volk en hulle te erken as volwaardige lede van dieselfde volk. Wat ons gesindheid teenoor die Engelsprekende volksdeel betref, is dit glad nie nodig om ons eie goed te verloën om die vreemde te waardeer nie.

Slegs uit die eenheid van harte binne die Afrikaansprekende bevolking kan groei die grotere eenheid wat ook die ander rasse in ons land kan saamsnoer in 'n nasie wat die toekoms met moed en vertroue kan ingaan.”

Waardevolle Landgoed Te Koop

„MORGENZON” (omtrek 2½ morg) geleë in Swellendam, aan die voet van die pragtige Langeberg. 'n Mooi groot woonhuis, 6 slaapkamers, groot sitkamer, groot eetkamer, ruime ingang. Breë stoep, 2 damme, watersloot loop oor die grond, en buitegeboue. — Prys £3,000.

Doen aansoek by: Mev. A. A. TOMLINSON, Bossiegeur, Swellendam.

„DIE O.B.” WOENSDAG, 29 OKTOBER 1947

Republikeinse Tradisie

Op Bloemfontein het mnr. C. R. Swart, die leier van die H.N.P. in die Vrystaat, voor sy kongres verklaar dat „die Nasionale Party nie sal stem vir 'n kandidaat wat 'n voorstander is van 'n partylose staat nie”. Dit is duidelike taal wat beteken dat mnr. Swart hom onomwonde op die standpunt stel dat die H.N.P. net kandidate sal steun wat voorstanders is van 'n politieke partyestaat.

Die republikeinse Afrikanervolk sal kennis neem van hierdie verklaring en die verbysterende inhoud daarvan.

Dit beduie dat mnr. Swart en die H.N.P. die republikeinse tradisie van die Afrikanervolk totaal verwerp en ondubbelsinnig loyaliteit betuig aan die volksvreemde Britse tradisie wat in die Vrystaat en in die Transvaal dagteken sedert 1902 toe Brittanje die twee republieke met wapengeweld verower het.

REPUBLIEKE WAS PARTYLOOS

In die republieke van Kruger en Steyn was die partypolitiek onbekend — ons volk se republikeinse tradisie is partyloos. Die Boererepublieke was volkstate, nie partystate nie. Die kandidate vir wie die burgers van die republieke by verkiesings gestem het was volkskandidate, of soos mnr. Swart dit vandag sal uitdruk „voorstanders van 'n partylose staat.”

Na die Britse verowering het verandering ingetree. Die eertydse republikeinse burgers het Britse onderdane geword; en die eertydse Republikeinse volkstaat het 'n Britse partystaat geword. En lord Alfred Milner het die boere geleer om partye te stig en partykandidate te nomineer.

Dit wil voorkom asof Lord Milner ongetwyfeld goeie werk gedoen het. In ieder geval dit blyk dat die H.N.P. 'n gretige leerling was. Op die vooraand van 'n verkiesing wat deur die leier van die party as „die laaste kans van blank Suid-Afrika” beskryf is, stel hierdie politieke party „party-skap as onverbiddelike voorwaarde vir samewerking tussen Afrikaners — lede van één volk.

SLAWETROU AAN DIE PARTYPOLITIEK

In die hoofstad van Steyn is hierdie beleid aangekondig deur mnr. Swart wat graag beskou wil word as die leier van die „party van die nasionale Afrikanerdom” in die eertydse Boererepubliek van die Oranje Vrystaat.

Mnr. Swart het dit egter nie nodig gevind om aan die Nasionale Party van die Vrystaat te vertel dat hierdie beleid hulle sal belet om vir 'n M.T. Steyn of 'n Paul Kruger te stem, indien een van hierdie manne bv. kandidaat sou wees in die 1948-verkiesing — want albei van hulle was „voorstanders van 'n partylose staat.” Dit is niks anders as naakte opportunisme wat mnr Swart en sy geesgenote gebring het tot hierdie skaamtelose verwerping van die Afrikaner se republikeinse tradisie en tot die daarmee saamgaande slawetrou aan die veroweraar se partypolitieke tradisie.

NAAKTE OPPORTUNISME

'n Halfdosyn jare gelede het dr. Malan en sy Federale Raad heeltemal anders gepraat. Maar dit was in die dae vóórdat Hitler die oorlog verloor het en vóórdat dr. Malan die O.B. tot vyand nommer een van sy party uitgeroep het. In daardie dae het dit geheet dat die Britse parlementêre stelsel 'n onding is en vir al wat dr. Malan en sy Federale Raad omgee kan dit maar uit Suid-Afrika geveeg word. Hierdie standpunt was trouens in volkome ooreenstemming met dr. Malan se „aanvaarding” van die Republikeinse Grondwet wat aan hom as Volksleier „oorhandig” is. Die Jaloerse wyse waarop dr. Malan hierdie grondwet destyds getroetel het blyk duidelik uit die hewige rusie wat die Volksleier met die K.G. van die O.B. gemaak het omdat dr. Van Rensburg uittreksels uit „sy” (dr. Malan se) grondwet laat publiseer het!

Helaas, dit was destyds.

VALSE VERDAGMAKERY

Ons kan verstaan as die H.N.P.-leiding die O.B. haat soos 'n sondaar sy gewete haat omdat die reguit koers van die O.B. 'n kinderlike aanklag teen hul bontspringery is; en omdat die beweging, soos 'n knaende gewete, vir hulle aan 'n verlede herinner wat hulle lankal wou vergeet het.

Ons kan egter nooit goedkeur dat die H.N.P.-leiding hulle volgelinge afvallig maak van die republikeinse tradisie van die Afrikanervolk nie; en as hierdie afvalligheid boonop nog gevoed word deur 'n veldtog van verdagmakery teen die O.B. omdat die beweging partyloos is, dan ken ons afkeuring geen perke nie.

As die opportunisme van die H.N.P. so roekeloos word dat die party nie alleen ons volksverlede verloën nie, maar boonop 'n ketterjag onderneem teen Afrikaners wat dit nie wil doen nie, dan word die huishouding van die H.N.P. darem alte dol.

Mnr. Havenga Se Toespraak

In 1902 het die Afrika-nervolk die laaste reste van sy vryheid verloor en het die hele Suid-Afrika deel geword van die Britse Ryk. Op Vereniging het die son gesak oor die Boererepublieke en het die lang nag van Britse Dominiumskap vir die Afrikanervolk aangebreek.

Die Ossewabrandwag as die Afrikaanse Volksbeweging is die natuurlike beliggaming van die historiese strewe van die Afrikanervolk, nl.: die herstel van die republiek. En in ooreenstemming met die republikeinse tradisie van ons volk verklaar die O.B. uitdruklik dat die republiek waarna hy streef partyloos gaan wees.

Maar die republikeinse dag het nog nie gebreek nie: Suid-Afrika is nog 'n Britse Dominium. En ooreenkomstig Britse tradisie is hierdie Dominium 'n partystate.

DIE AFRIKANERPARTY

Die O.B. besef dat hy in 'n partystate leef. Hy wil egter beklemtoon dat binne die raamwerk van hierdie partystate sekere partye vanselfsprekend nader aan sy ideale staan as ander. Hy is heeltemal bereid om sulke partye in die komende verkiesing te help — as hulle sy hulp wil hê.

Naaste aan die O.B. staan ongetwyfeld die Afrikanerparty omdat hierdie party nógter en sonder broedertwis die komende verkiesing as 'n kapittel op sigself beskou, en nie as deurslaggewend vir die republikeinse strewe of die toekomsstaat nie.

En dit is duidelik dat die Afrikanerparty die hulp van die O.B. by die komende verkiesing verwelkom. Mnr. N. C. Havenga het die beleid van sy party t.o.v. die O.B. onlangs op Memel baie duidelik gestel:

HARTLIKE VERHOUDING

Die deure van die A.P. staan vir die O.B. oop — trouens die party het nog nooit teen O.B.-lede gediskrimineer nie. Hy aanvaar die goeie trou van O.B.-lede wat by die A.P. aansluit, en hy ontken dat die aanwesigheid van die O.B. nasionale samewerking in gevaar kan stel — intendeel die insluiting van die O.B. is noodsaaklik.

Ons glo dat die toespraak van mnr. Havenga noukeurig gelees sal word deur sy teenstanders; en noukeuriger deur sy vriende.

Dit ly geen twyfel dat mnr. Havenga se Memel-toespraak die gesonde verstandhouding tussen die O.B. en die A.P. in hartelikeheid laat toeneem het nie.

Sedisieszaak Binnekort Heropen

Die sedisieszaak teen nege beweerde Kommuniste wat onlangs teruggetrek is, sal binnekort weer heropen word, na uit gesaghebbende bron verneem word. Die staat is tans besig om die klagstaat van voor af op te stel en sekere tegniese moeilikhede uit die weg te ruim. Sodra dit in die reïne gebring is, sal daar, na verneem word, met die saak voortgegaan word.

Hollywood Dalk Vergaarplek Van Kommuniste

Die vermoede van die Amerikaanse regering dat Hollywood, Mekka van die rolprentbedryf, 'n broeines van Kommunistiese propaganda en on-Amerikaanse aktiwiteite geword het, is die afgelope week versterk toe die eerste van die 40 rolprentsterre, regisseurs en skrywers getuie is voor die Amerikaanse Komitee van nie-Amerikaanse bedrywig-hede afgelê het.

Die eerste getuie, Adolphe Menjou, het verklaar: Hollywood is 'n broeiplek van on-Amerikaanse en anti-kapitalistiese bedrywig-hede. Die Kommuniste van Hollywood is strenge navolgers van die partyreëls wat in Moskou neergelê is, en bevat lede van die komitee van kunste, wetenskappe en beroepe, sowel as van 'n politieke aksiekomitee. Menjou het verklaar dat hy 'n anti-Kommunist en 'n anti-Fascis is.

„BASE IN MOSKOU”

„Daar is baie gevaarlike bestuurders en akteurs in Hollywood”, het hy verder verklaar. „Dit is die wense van die base in Moskou dat die rolprente as 'n propagandamiddel vir hul oogmerke moet dien — een daarvan is om die Amerikaanse regering omver te werp.”

Menjou het die staking van die skilders, skrynwerkers en ander toneelwerkers in Hollywood wat al meer as 'n jaar aan die gang is, as uitvloeisel van die Kommunistiese bedrywigheid in Hollywood beskryf.

Robert Taylor, bekende akteur, het verklaar as hy sy sin kan kry, al hierdie „Rooies” na Rusland gestuur sal word. Hy het erken dat daar 'n groep Kommuniste aan die werk is in Hollywood, en dat hulle invloed onenigheid veroorsaak. Daar is 'n groep wat as hulle nie Kommuniste is nie, hard probeer om dit te wees. Met verwysing na die rolprent „Song of Russia”, het Taylor verklaar dat die prent oorspronklik soveel Kommunistiese propaganda bevat het dat dele daarvan uitgesny moes word.

Regisseur Sam Wood het verklaar dat sommige van die akteurs „linksgesind is”. Een van hulle, mej. Hepburn, het onlangs tydens 'n „linksgesinde byeenkoms” £20,000 bygedra tot die fondse van die vereniging. Wood het hieraan toegevoeg: „U weet

dat dit nie vir die Padvindende bedoel is nie”.

Na verwagting sal daar voortaan 'n strenger sensorskap in Amerika toegepas word.

Die ondersoek van die komitee het 'n hewige protes uitgelok van 'n groep akteurs in Hollywood.

Die voorsitter van die komitee vir on-Amerikaanse sake, P. Thomas, het verklaar dat die komitee 'n volledige rekord het van 79 Kommuniste van Hollywood. Die gegewens sal in 'n verslag saamgevat word.

Die ondersoek spruit voort uit getuieis dat Hollywood vir Kommunistiese propagandadoel-eindes gebruik word. Sumner Welles, eertydse onderminister van buitelandse sake, en Joseph Davies, voormalige gesant in Moskou, sal ook getuieis aflê.

Kruger-Miljoene Ter Sprake

Die verhaal van die sogenaamde versteekte Kruger-miljoene wat pres. Kruger, voordat hy na Europa vertrek het, in Oos-Transvaal sou begrawe het, het weer ter sprake gekom.

Mnr. H. J. Lessing, van Pretoria, beweer dat hy in besit van 'n kaart gekom het en het aangekondig dat hy en vriende in die Barbertonse distrik vermoedelik op 'n gedeelte van die Kruger-miljoene afgekomp het. Hulle het die kaart gevolg en begin grawe. Hy het aan 'n persman 'n stuk of sewentig van die Krugerponde getoon wat hy sou uitgegrawe het.

Toetssake Teen Deportasie Begin

Ses deportasie-toetssake het verlede Donderdag in Pretoria begin waaruit beslis sal word of die Duitsers wat aangesê is om die land te verlaat, gedeporteer sal word al dan nie.

By die aanvang van die verhoor van die eerste saak het regter-president G. Maritz saam met regters E. Roper en H. de Villiers aangekondig dat die tydelike interdikte teen deportasie van alle Duitsers tot 30 Maart 1948 verleng is ten einde geleentheid te bied vir die finale afhandeling van die ses toetssake.

Die saak van Karl Otto Steinbach van Vereniging het eerste gediën. Sy verklaring saam met vyf ander is aan die hof oorhandig waarin hulle posisies uiteengesit is.

Steinbach het verklaar dat hy in 1907 in Duitsland gebore is. Sewe jaar later na Suidwes gekom het. Sy vader het in 1920

Britse onderdaan geword.

Die hof het onder meer die vraagstuk van geregtigheid en die kwessie wanneer die oorlog ten einde geloop het en of die regering mense in vredes-tyd kan deporteer bespreek.

Met ons ter perse gaan het die hof nog geen beslissing gevel nie.

SKILVRY

is wetenskaplik berei en is 'n beproefde

SKILFER
MIDDEL

U apteker of handelaar sal u voorsien

Franse Volk Keer Rug Op Moskou

Na aanleiding van die skitterende oorwinnings wat sy anti-kommunistiese front in die munisipale verkiesings behaal het, het genl. Charles de Gaulle die onmiddellike ontbinding van die Franse parlement geëis sodat 'n nuwe verkiesing uitgeskryf kan word. De Gaulle se front het 253 setels verower teenoor die Kommuniste en hul bondgenote se 198.

In Parys het die front 52 van die 90 setels verower teenoor 25 deur die Kommuniste, agt deur die Sosialiste en vyf deur die Republikeine.

Die uitslag van die verkiesing word deur buitelandse waarnemers as 'n gevoelige hou vir die Kommuniste beskryf. Hulle het gemeen om baie meer setels te verower.

As gevolg van hierdie sukses van De Gaulle, het die Franse kabinet reeds 'n slag bedank, sodat die premier sy span kan herskommel. Die bedanking is genoodsaak omdat die munisipale verkiesing bewys het dat De Gaulle veertig persent of meer van die Franse volk agter hom geskaar het, terwyl hy geen noemenswaardige verteenwoordiging in die parlement het nie. Daar is besluit dat die Franse parlement spoedig moet vergader om die nuwe politieke krisis te bespreek. Die prestige van genl. De Gaulle het die afgelepe tyd — veral onder diegene wat aan die front geveg het — geweldig toegeneem. Die volk vra na iemand wat met 'n sterk hand sal optree en die Franse krisis sal beëindig, skryf 'n buitelandse waarnemer.

IN DIE WEEGSKAAL

Die lot van Frankryk is baie maande al in die weegskaal. Indien die Kommuniste die leiers van die regering in die hande kry, en die land bestuur soos bevele uit Moskou voorskryf, sal dit nie alleen noodlottig vir Europa wees nie, maar die strategiese posisie van Brittanje en Amerika sal direk geraak word. Russiese imperialisme sal sy grense hierdeur tot aan die Britse kanaal vooruitskuif het. Voorts kan die gespanne houding tussen Frankryk en Spanje in 'n openlike botsing uitbars indien die Kommuniste baas word en hul haat op Franco se Spanje wil afkoel.

De Gaulle se buitelandse program behels verset teen Russiese inmenging in Frankryk en samewerking met Amerika; sy binnelandse beleid verg harde werk van elke Fransman vir die heropbou van Frankryk.

Op die oomblik is die verhouding tussen De Gaulle se

Atoombom Maak Bome Onvrugbaar

Bome wat die atoomaanval op Hiroshima oorleef het, het die afgelepe jaar baie vinnig gegroei — twee maal vinniger as gewoonlik, maar hulle het geen vrugte gedra of saad geskiet nie. Baie bome se blare het nuwe fatsoene gekry en die kleur van die blare het verander. Hierdie gegewens laat die vermoede dat atoomstrale mense, diere en ook plante onvrugbaar maak, sterker posvat.

groep en die Kommuniste uiters gespanne. Albei partye is gedeeltelik bewapen en albei verwag om deur die ander uitgedelg te word sodra die geleentheid hom voordoet. Die uitslag van die verkiesings word in Frankryk toegejuig omdat geglo word dat De Gaulle eendelik op pad is om die Kommuniste uit Frankryk te ja.

Pessimistiese waarnemers herinner daaraan dat dit al baie duidelik na die beëindiging van die oorlog geblyk het dat 'n klein groepie Kommuniste met die hulp van hul magtige meesters in die Kremlin, in staat is om regerings omver te werp en hul wil op die meerderheid van die volk af te dwing.

Die Kommuniste het reeds gedreig om die hele Franse nywerheidslewe deur 'n algemene staking lam te lê en 'n beroep op die Sosialiste gedoen om hulle te help om genl. De Gaulle in sy segetog te stuit.

H.N.P. Moet Gees van Samewerking Openbaar

Mnr. J. J. Willemse, Blinkpoort, Heidelberg, Tvl. skryf:

Ek voel dat lede van die O.B. hulle ook so 'n bietjie moet uitspreek, want dit skyn my of die hoë gesag van die H.N.P. vir hulle verbeel dat lede van die O.B. maar net alte bly sal wees om vir hulle te stem want oënskynlik daarom stel dr. Malan op sy kongresse voor dat die Grootraad van die O.B. sy beginsels moet prysgee. Dan kan die lede van die O.B. onder sekere voorwaardes by die H.N.P. aansluit.

Dink dr. Malan dat die O.B.-lede so verleë is om aan sy party te behoort; dat ons Grootraad ontrou sal wees; dat ons al ons opofferings sedert die bestaan van die O.B. ongedaan moet maak; en dat ons al die vervolgings wat ons gedurende die oorlog moes deurstaan (onthou maar net die kampe, tronke en deursoek van huise) — dit alles moet gewonne gee net om 'n lid te wees van sy party?

Ek veronderstel dat die H.N.P. die O.B.-stemme broodnodig het om die verkiesingsstryd te wen. Wel, niemand anders as die H.N.P. nie sal daarvoor verantwoordelik wees as die stryd verloor word — omdat dr. Malan met voorwaardes kom.

BEGINSELVAS

Nee, dokter, jy misgis jou heeltemal. Ons O.B.-lede is opregte Afrikaners wat nie elke dag verander van beginsels nie. Inteendeel, ons hou koers op die pad van Suid-Afrika. Ons sit die stryd voort wat ons voorvaders begin het by Slagtersnek, Bloedrivier, Bloukrans en Amajuba. Maar ek dink dr. Malan kan homself oortuig uit

wat ons alles pal deurstaan het, dat ons by ons beginsels staan soos 'n rots.

Van ons kant het die voorstel gekom vir samewerking. Ons eis nie dat die H.N.P. van sy beginsels moet laat vaar nie. Ons reik net die broederhand. Ons wil nie setels hê nie, net vriendskap en ons sal die H.N.P.-kandidate steun met hart en daad. Dr. Malan behoort self te weet hoe om met samewerking te begin. As dr. Malan dink hy sal samewerking kry deur O.B.-lede ontrou te maak aan hulle gesag dan kan ek hom sê dat hy die bal baie ver mislaan.

Ons werk saam met die Afrikanerparty en dr. Malan kan nou nog op ons staatmaak waar sy kandidate staan. Ek kan dr. Malan verseker dat ons O.B.-lede ons nie langer net as stemvee sal laat gebruik nie. Indien daar nie 'n behoorlike verstandhouding met die O.B.-leiding bereik word nie sal die H.N.P.-kandidaat in my kiesafdeling honderde O.B.-stemme verloor en nie net 25 soos by die laaste verkiesing nie.

Maar ten einde 'n verandering van regering te kry verlang ons na samewerking wanneer ons al ons kragte sal inwerp om die oorwinning te verseker.

Saamwonery Verwerp

Bantoe, Tuine, skryf:

Die kleurvraagstuk in ons land word by die dag dringender en dit is baie duidelik dat 'n oplossing wat almal tevrede stel gevind sal moet word.

Ek het die uiteensetting van

Soos Ons Lesers Dit Sien

genl. Smuts se nuwe kleurbeleid waarmee hy die natuurle wil paai, sorgvuldig in u vorige uitgawe gelees. Omdat ek in die Transkei opgegroeï het, is dit 'n saak waarin ek persoonlik baie belang stel. As stede-like Afrikaner wat nou vandag verplig is om teen my sin daaglik die deurmekaarboerdery in die treine, busse en spoorwegstasie te aanskou en met toenemende afkeuring daaraan moet deelneem, waardeur ek die beleid van die O.B. U stel dit heeltemal te reg: daar is net een oplossing, nl. die skeiding van blank en nie-blank, elkeen in 'n aparte staat. Ek wil u bedank vir die duidelike verwerping van die beleid van „parallelisme” wat volgens veldm. Smuts „apartheid” vir blank en nie-blank beteken, maar wat tog inhou dat wit en swart in een land moet saamwoon soos ons dit al te goed in Kaapstad ken.

Apartheid wat vir die witman sy land wil beveilig en 'n eie land aan die swartman gee, is 'n regverdige beleid wat elkeen sal bevredig.

Die beleid van veldm. Smuts kan ek nie aanvaar nie, maar nou is dit nie vir my duidelik wat die H.N.P. se kleurbeleid is nie. Sal u asb. deur middel van u blad die saak vir my verduidelik? Watter soort apartheid staan hulle voor? „Apartheid” van wit en swart in 'n land waar ons almal saamwoon of volkome „apartheid” van wit en swart in twee aparte gebiede?

(Die H.N.P. het nog nie die besonderhede van die party se kleurbeleid openbaar gemaak nie. Die leier van die party, dr. D. F. Malan, het op die Trans- (Vervolg op bls. 6)

A.V.B.O.B.

Lykbegroers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

Verseker u Toekoms deur die Eienaar te word van

VASTE EIENDOM

* BOUPERSELE
* WOONHUISE
* PLASE
* BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0023
STRAND

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.


GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteeke

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



„Die Kleine Wonder”

STEENMAAK-MASJEN

(Vir die maak van Sementstene)

Maak standaard-grootte Sementstene (9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm.)

Doen navraag by u naaste Handelaar of skryf direk aan:
Fabrieksverteenvoortreder:

JOHANN H. BUHR,
Posbus 18, Hopefield.

Handelsnavrae word verwelkom.

In die stad ROND met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret — Ronde Kommando

maak al hoe meer vriende

„oral in die land rond.”



20 vir 11d

Ook te koop teen 2/2 vir 50, 5 1/2 d. vir 10.

BH 2917

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

BARRY. Aan Roelou en Joyce (gebore Stegmann), Robertson; ons sesde lief dogtertjie op 6 deser. Arme boetie! 29/10/1

IN MEMORIAM



VICTOR. — Een jaar van oneindige verlange is verby, verlange en gemis, wat by die Heer alleen bekend is. Nooit sal ons 22 Oktober 1946 vergeet, toe ons dierbare eggenoot en vader so skielik van ons weggegaan is. Geen geluid oor sy lippe so stil en wit, geen afskeidstraan in sy oë, alleen net die laaste snik na die hemelpoort. — Van jou steeds treurende eggenote, Mien, en kinders, Varsfontein, Merweville.

SILWER BRUILOF

NORTJÉ. — Kommandant en mev. C. Nortjé, Scheeperskraal, Oudtshoorn, kyk met dankbaarheid terug oor 'n geseënde huwelikslewe van vyf-en-twintig jaar na 25 September 1922, toe ons deur ds. Gundling in die N.G. Kerk, Herold, in die huwelik bevestig is. „Alle eer aan Hom.” 29/10/1B

BENODIG

GETROUDE VOORMAN vir windegrasplaas in Robertson distrik. Nie te groot gesin nie. Vorige onderverdeling nie nodig nie. Meld salaris verlang. Naby skool. Rig aansoek aan: p/a WARREN, SMITH-EN WHITE, Posbus 41, Robertson.

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars graad I, teen 18/- per 150 lbs. Eler-grootte saadaartappels, tweede na ingevoerde, 17/6 per 150 lb. en okkerneutgrootte 14/6. Almal V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke wat teruggevoer moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 8/10/TK

BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigde K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

DAHLIAS. Reuse Dekoratielwe, bekoorlike Kaktus, skitterende Pompons, Wereldberoemde pryswenner soos Queen Elizabeth 25/-, History 22/6, Andiron-dack Sunset 10/6; Dr. Plumcoq 7/6; Volktaerts Champion 5/-; Bergers Meisterstuck 7/6 elk. Bestel nou — voor-kom teleurstelling. **Sonstraal Uitdaag Versameling:** 50/- per dosyn. **Sonskyn Versameling:** 40/- per dosyn. **Tuin Versameling:** 30/- per dosyn. **Pompons:** 35/-, Dwerf Dahlias vir sny en versiering 18/6 en 25/- per dosyn. **Swaardlilles:** Reënboog Mengsel 6/6 per dosyn. Pryslyste gratis. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 3/9/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waaltelmoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½ lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

PATATRANKE. — Op hul beste, bestel dadelik. Driemaande wit 10/- per 80 pd.; 7/6 per 60 pd. sak. Ses- of driemaande wit en borrie steggies 6/6 per 1.000. Gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 15/10/TK

PATATRANKE. — Uitstekende rooigrond-patatrake. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1.000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

PATATRANKE. — In voorraad, 6 maande, 10/- per 1.000; wit, drie maande, 8/- per 1.000; Borrie, 10/- per 1.000. **PATATS.** — 11/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, GEORGE. 29/10/TK

ELEKTRIESE REPARASIES

ELEKTRON KONTRAKTEURS. — As u stoot of ander elektriese toestel buite werking raak, raadpleeg ELEKTRON (L. J. du Plessis) vir vinnige en redelike diens. Keeromstraat 18 (regoor Die Burger), Kaapstad. Telefoon 2-5060. 22/10/2

GEMENG

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

Ons Lesers

(Vervolg van bls. 5)

vaalse partykongres aangekondig dat 'n komitee benoem is om die party se kleurbeleid uit te werk. Later het mnr. P. Sauer, L.V., bekendgemaak dat hy voorsitter van hierdie kleurbeleidskomitee is. Sodra die komitee sy bevindinge publiseer sal ons in staat wees om u vrae te beantwoord. Intussen moet ons volstaan deur te sê dat die H.N.P. 'n beleid van apartheid verkondig. — Red. Die O.B.)

Partystelsel Hopeloos

Patriot, Oos-Kaapland, Skryf:

Dit was destyds by die uitdraaipad, toe daar verwydering tussen die O.B. en die H.N.P. gekom het dat my oë oopgegaan het. Ek wou eerlik kies. Net soos vandag was dit nie my begeerte om leiers nie, maar om beginsels te volg. Ek skryf toe 'n brief aan die Volksblad waarin ek om duidelikheid oor een punt vra: Watter standpunt gaan die H.N.P. in die toekomst teenoor die vrymesselary inneem?

Hierdie vraag was m.i. baie belangrik want die volgende feite aangaande vrymesselary was aan my bekend: dat die O.B. dit nie duld nie; dat die Christelike Kerk hom daarteen uitgespreek het; en dat volksverraad nooit oorwin kan word solang vrymesselary voortbestaan nie. Nóg my brief, nóg 'n antwoord daarop het ooit verskyn. Hoewel hierdie voorval vir my deurslaggewend was het dit later eers vir my so duidelik soos daglig geword dat geen politieke party dit kan waag om vrymesselary die hoof te bied nie.

Politieke partye veg nie verkiesings op die karakter en meriete van hul kandidaat nie. 'n Man se beginsels tel nie, solank hy maar aanhanger van die party is. Laat ek u 'n staaltjie vertel:

PREDIKANT EN JOOD

Daar was onlangs 'n munisipale verkiesing in een van ons plattelandse dorpe. 'n Jood en 'n predikant was in die verkiesing betrokke. 'n Persoon het 'n pamflet uitgereik waarin hy 'n beroep op die Christene gedoen het om Christene in die verkiesing te ondersteun. 'n Vooraanstaande partypolitieke leier het die pamflet as „vuil” bestempel en moontlik as gevolg van sy invloed het die Jood die verkiesing gewen.

'n Meis was nie kwaad saad onnodig saai nie. Ons wil almal aanstaande jaar ons kragte saamsnoer om met die Smuts-bewind af te reken, maar aan die anderkant staan Volksbelang oneindig hoër as partybelang, en die Ossewabrandwag sou aan sy roeping ontrou wees as hy in gebreke bly om die Volk voortdurend te waarsku teen die hopeloosheid van die Politieke Party stelsel.

Magte Van Hoërhuis In Gedrang

Die magte van die Britse hoërhuis sal ingekort word, het die Britse eerste minister aangekondig. Die plan is om die tydperk waarin die hoërhuis wetgewing kan vertraag, van twee tot een jaar te verminder. Die inkorting van magte is nodig omdat die laerhuis nog hierdie jaar wetgewing wil indien om die Britse staalbedryf te nasionaliseer.

SMUTS OOR SY NATURELLE BELEID

Die natuurel moet in ons nywerhede geïntegreer word en die regering sal vir hulle parallelle dorpe oprig in die nywerheidsgebiede van ons land. So het veldm. J. C. Smuts sy natuurelbeleid in Kaapstad omlin toe hy 'n groot vergadering in die stadsaal toespreek het. Dit is nie moontlik om die natuurel van die blankes te skei soos sy teenstanders wil doen nie, het hy gesê.

Genl. Smuts wat aanvanklik moeg gelyk het, het liggies oor die een probleem na die ander gegly sonder om werklik tot die wortel van die probleme deur te dring. Hy het aan sy ondersteuners 'n rooskleurige prentjie opgehang. As hulle hom maar net steun sal alles regkom.

Met verwysing na die natuurelbeleid het spr. gesê dat Suid-Afrika op nywerheidsgebied 'n rewolusie ondergaan. Die natuurel is nodig in die stede. „Die natuurel moet nou in ons nywerheidstelsel geïntegreer word. Voorheen kon die natuurelbevolking rondom die stede afgesonderd word maar deur werkverskaffing in die nywerheidsgebiede het toestande verander. Hy sal sorg vir behoorlike behuising in aparte woonbuurtes. Die pondokke en blikdorpe rondom die stede moet verdwyn, het hy gesê.

Blanke leierskap moet en sal nog 'n lang tyd bly voortbestaan omdat die meeste van die natuurel dit wil hê. Aan die kleurlinge sal die regering geleentheid bied om te ontwikkel. Hulle wil ekonomiese vooruitsigte hê en sal dit kry. Diegene wat hierdie regte sowel as hul politieke regte van hulle wil ontnem, sal rekening moet hou met die Verenigde Party.

Spr. gaan een van die dae oor na Londen waar hy die huwelik van die Britse prinses sal bywoon. Hy sal ook die geleentheid kry om informele samesprekings te voer oor die huidige wêreldtoestande. Daar sal nie amptelike samespre-

Tering Neem Toe In Duitsland

As gevolg van die treurige toestande in Duitsland, het tering so toegeneem dat daar vandag vyf maal meer mense is wat aan tering ly as voor die oorlog.

Soos die siekte tans uitbrei sal daar teen 1950 niks minder as 2,200,000 teringlyers in Duitsland wees nie. Teen daardie tyd sal daar jaarliks meer as 400,000 aan tering beswyk.

Die onvoldoende rantsoene is veral die oorsaak hiervan omdat aangetaste persone nie die siekte kan weerstaan nie as gevolg van swakheid van die gestel.

Daar is 'n groot tekort aan hospitale en apparate

Onderwysers In Engeland Gaan Haal

Die hoofinspekteur van skole in Natal, dr. W. McConkey, het die afgelope week na Brittanje vertrek om Britse onderwysers vir die skole in Natal te werf. Hy sal tussen 200 en 300 onderwysers en onderwyseresse werf. Sy reis na Brittanje is in uitvoering van die besluit van die Natsale Provinsiale Raad.

kings wees nie maar hy sal geleentheid hê om ondersoek in te stel.

Spr. het ten slotte die politieke situasie in Suid-Afrika behandel en verwys na die Malan - Havenga - ooreenkoms. Dr. Malan het 'n taktiese flater begaan, het hy gesê. Die H.N.P. maak altyd op die hulp van ander staat. Hierdie keer het hulle gehoop om die vlottende stemme te vang. Daarom het die H.N.P. met mnr. Havenga 'n ooreenkoms aangegaan. Mnr. Havenga het egter die Ossewabrandwag en mnr. Pirow saam met hom gebring en al die vlottende stemme weggeja.

HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..... vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam:

Posadres:

.....

.....

Datum Handtekening

STALIN SE GEHEIME PLANNE VIR 'N AANSLAG OP AFRIKA EN EUROPA ONTHUL

Onderwyl Rusland in die raadsale van die wêreld homself voordoen as apostel van die vrede, bring die Russiese opperbevel reeds hul planne vir die finale aanslag op Wes-Europa, Afrika en Asië in gereedheid en word die Rooi Leër op volle getalsterkte gebring om die Westerse beskawing vir goed onder die hiel van die Kommuniste te plaas.

Met hierdie inligting het genl. Chaparidze, tot onlangs een van Stalin se vertrouelinge, en gewese hoof van die Russiese inligtingsdiens in die besette deel van Duitsland, na die Weste ontsnap toe hy die snuf in die neus gekry het dat hy nie meer in Stalin se goeie boeke is nie. Hierdeur hoop hy om 'n vroegtydige dood te vermy. Hy verkeer tans vermoedelik in Frankryk waar hy hom skuilhou vir Stalin se geheime polisie wat sy lewe soek.

Genl. Chaparidze, alias Gulis-hvili, vertel dat die Russiese militêre program voorsiening maak dat die sterkte van die Rooi Leër op 1 Januarie 1948 niks minder as 120 divisies sal wees nie, plus 30 ander divisies wat die helfte groter sal wees as gewone divisies. Laasgenoemde sal in die besette dele van Europa gestasioneer word. Dit gee die Russe 'n vredestrydse leër van 1,800,000 man, volgens sy verklaring wat in Frankryk en Amerika gepubliseer is.

SES BASISSE

Die 120 divisies wat bedoel is om in Rusland gehou te word, is reeds in ses afdelings verdeel. Hulle word gestasioneer waar Rusland aanvalle verwag of van waar hy sal slaan, nl. 'n Noordelike leër met Leningrad as basis; 'n Westelike leër by Minsk; 'n Suidelike by Odessa; 'n Kaukasiese leër met Tiflis as basis; 'n Turkastanse leër by Tashkent en Frunze; en 'n Verre Ooste afdeling wat Chita en Vladivostok as basis gebruik.

Die ses veldhere wat belas is met die bevel oor hierdie ses leërs, beklee almal die rang van maarskalk. Hulle is Vorosilov, Rokossovsky, Zhukov, Bagramian, Timosjenko en Malinovskiy.

Agthonderdduisend soldate van die 1,800,000 behoort aan „wisselende” eenhede, wat beteken dat hulle van tyd tot tyd vervang word deur nuwe rekrute. 1,000,000 van die soldate is beroepssoldate en sal hul hele lewe in die leër deurbring. Die leër spits hom ook toe op afdelings wat in tyd van oorlog agter die vyandelike linies neergelaat sal word om die vyand die meeste skade aan te doen.

ATOOMBOMME

Volgens die getuienis van hierdie eertydse vertroueling van die Kremlin, is een van die probleme waarop die Russiese opperbevel hom die meeste kwel,

die atoombom. Rusland beskik oor al die kennis hoe om die bom te maak maar hy het nog nie begin om die vervaardiging van die bom op 'n nywerheidsgrondslag te plaas nie. Drie fabriek word egter in Siberië gebou om Atoombomme te maak. Die eerste bomme kan binne 12 maande verwag word.

Die Russe word verder gekwel deur die veronderstelling dat die Amerikaners oor die geheim beskik om met atomiese bestraling die natuurkrag uit petrol en olie te verslaan sodat dit nutteloos word. Aangesien al die Russiese olievelde, veral by Baku, digby die see geleë is, vrees die Russe, dat, indien die atoombom in die see naby die olievelde gegooi word, hulle nie hul planne tot uitvoer sal kan bring nie omdat hul kragvoorrade daardeur vernietig sal word.

As gevolg van hierdie bedreiging het die Russiese opperbevel met 'n groot onderneming aan die kus van die Kaspiese see begin: Hulle is nl. besig om 'n reusagtige staalskerm om te rig wat die strale van die atoombom sal weghou van die olie.

V-WAPENS

Ten opsigte van die V-bomme het die Russe egter groot sukses behaal, verklaar genl. Chaparidze. Sy getuienis word gestaaf deur 'n korrespondent van Review of World Affairs wat skryf dat die Russe groot sukses behaal, verklaar genl. Chaparidze. Sy getuienis word gestaaf deur 'n korrespondent van Review of World Affairs wat skryf dat die Russe groot sukses behaal het met die maak en afskiet van vuurpylwapens. Hierdie wapens sou veral uitmunt in hul spoed en trefafstand.

Dieselfde korrespondent meld dat die Russe verplig was om baie van hulle fabriek wat V-wapens in die Russies-besette deel van Duitsland vervaardig het, te verskuif na ander gebiede omdat die Duitsers gedurig geheime verklap het. Verskeie hiervan is na die buurt van die Finse Golf verskuif. Die korrespondent wys daarop dat rapporte uit Swede en Finland aan die lig bring dat die Russe hard besig is om te eksperimenteer met V-wapens. Uit vrees vir die Russiese wraak is die Sweedse regering nie geneë om toe te laat dat berigte hieroor die wêreld ingestuur word nie.

GEHEIMHOUDING

Die Russiese overheid het verder 'n volslae geheimhouding gelas van alle bedrywighede op die eilande in die Finse Golf wat deur die Russe beset is. Vissers wie se bootjies deur die wind in verbode waters gedryf is, is nooit weer gesien nie.

In verband met loodlose wapens wat oor groot afstande

afgeskiet kan word, verklaar genl. Chaparidze dat eksperimente in Siberië, in die omgewing van die Kamchatka skiereiland, uitgevoer word. Oor 'n afstand van 900 tot 1,300 myl kan hulle hul skyf maklik tref.

Die Russiese opperbevel besef dat hoe langer hulle die oorlog kan uitstel, hoe beter dit is vir hul sukses. Die Kremlin stuur dus nie op onmiddellike oorlog af nie, maar niesteenstaande hierdie taktiese set, het die leiers reeds hul le oorlogsbeleid uitgewerk. Die Russiese generale staf word deur een faktor gelei, nl. dat dié oorlog in die Verre Ooste moet afspeel.

DRIE STADIUMS

Volgens die beskouings van die Russe sal die oorlog teen die Weste drie stadiums hê. Die sleutel tot hul sukses, so meen hulle, is geleë in die onverwagte besetting van die hele Europa. Hiervoor sal hulle die leërs wat reeds bestaan gebruik en dit sal hulle nie langer neem as drie weke om dit te doen nie, vertel Chaparidze.

Die tweede stap is die vinnige aanslag op Spanje wat moet dien as 'n afspringplek om teen Afrika op te tree. Terslefdetyd sal 'n aanslag op Persië, Irak en Sirië gedoen word wat ten doel het om in beheer te kom van die Suez-kanaal.



Doel van Immigrasie: Versterking van Ryk

Die doel van die grootskaalse immigrasie van Britte na alle dele van die Ryk, o.a. ook na Suid-Afrika, is deur die Australiese minister van immigrasie onthul.

Hy het verklaar dat Australië nie graag Brittanje van sy ambagslui wat hy self so nodig het, wil bercof nie.

Die Australiese regering is egter van voornemens „om die Britse Ryk as 'n geheel deur die immigrasiebeleid te versterk.”

Australië wil minstens 10 Britse immigrante vir elke nie-Britse immigrant hê, het hy gesê.

Verbreek Betrekkinge Met Russe

Brasilië het aangekondig dat hy alle diplomatieke betrekkinge met Rusland verbreek het. 'n Soortgelyke stap is aangekondig deur Chile wat sy betrekkinge met Rusland sowel as met Tsjegge-Slowakye verbreek het.

Die Chileense regering beweer dat die staking van mynwerkers onlangs in Chile gelas is deur die Kommunistiese party. In Brasilië het daar verskillende opstootjies teen die Kommuniste plaasgevind. Hoewel die Kommuniste gedurende Mei van alle politieke regte ontsê is, sit hulle verteenwoordigers nog op die volksverteenvoorgende liggaam.

Ondergrondse Beweging Teen Kommunisme

Duitse grenspolisie het 'n aantal jong manne naby Berchtesgaden in hegtenis geneem. Hulle is, na verklaar word, lede van 'n Duitse ondergrondse beweging. Hulle was almal gewapen toe hulle in hegtenis geneem is en het verklaar dat hulle beweging lede dwarsoor Duitsland het. Die beweging sou die oorblyfsel wees van die „Edelweisspiraten” wat onder aanvoering gestaan het van die vermiste Martin Bormann.

Volgens die getuienis van die ses persone wat in hegtenis geneem is, het hulle beweging ten doel om die verspreiding van Kommunisme in Duitsland teen te werk.

Vir die eerste keer sedert die einde van die oorlog sal die Italiaanse bevolking steenkool ontvang vir huishoudelike gebruik. Die tekort is nog nie opgelos nie, maar het aansienlik verbeter.

Berei Hom Voor

Josef Stalin is reeds besig om Rusland voor te berei vir die volgende oorlog wat hy klaar beplan het. Hy word hier op die Russiese kruiser Molotov gesien saam met twee van sy admirals, Yumashev en Oktjabresky. Deur Duitsland, die enigste teenvoeter van die kommunisme in Europa te help vernietig, het Suid-Afrika sy positiewe deel bygedra om Josef Stalin se heerskappy oor Europa te verseker.

Russiese Agressie In Turkye

Turkye het in die politieke komitee van die V.V.O. gesê dat Rusland aan kriminele oorlog-aanhitsing skuldig is, en hy het die V.V.O. versoek om die Russiese pers en radio te verplig om sy veldtog van sielkundige aggressie teen Turkye te staak.

Daar is verklaar dat Rusland probeer om die res van die volke in die Midde-Ooste teen Turkye op te sweep.

Wolseley In £114

Met die hou van Fondsdag deur die Wolseley kommando's het die manne en vroue saam die mooi bedrag van meer as £114 ingesamel. Die funksie het op 30 Augustus plaasgevind.—(Ingestuur).

'n 49-jarige nie-blanke, Jan van Wyk, is verlede week in die Paarl tot die dood veroordeel op aanklag van moord op 'n 21-jarige blanke meisie. Volgens die getuienis het hy die vermoorde eers verkrag en haar daarna vermoor.

Heldedag op Vryburg

VRYBURG.—Heldedag is op plegtige wyse gevier. Die reëlins is getref deur die plaaslike Skakelkomitee. In die namiddag is 'n optog na die Konsentrasiekampkerkhof gereël, om kransies te lê op die grafte van ontslapte Afrikaners. 'n Uitsers geslaagde Volksspelekursus, vanaf begin Oktober tot die tiende van die maand is onlangs gehou.—(Korr.)

KOMMUNISTE KAN S.A. SONDER VOORBEHOUD BINNESTROOM

Die vasberadenheid van die Amerikaanse owerheid om gevaarlike en ondermynende kommunistiese bedrywighede te voorkom het as gevolg dat Kommuniste nie meer as immigrante in die Verenigde State toegelaat word nie. Verdagte persone wat die land wil binnekom, moet 'n eed aflê dat hulle nie aan die Kommunistiese Party behoort of daarmee simpatiseer nie.

In Suid-Afrika met sy toenemende stroom immigrante en sy aktiewe Kommunistiese Party word soortgelyke beperkings nie op immigrante gelê nie omdat die wet dit nie vereis of daarvoor voorsiening maak nie, volgens die hoof-immigrasiebeampte in Kaapstad, Die O.B. meedeel.

Die stroom immigrante na die Unie het sedert die einde van die oorlog dikker en dikker geword. Daar is so pas bekend gemaak dat sedert Mei 1945 nie minder as 33,000 immigrante uit alle dele van die wêreld hulle by die poorte van die Unie kom aanmeld het nie. Aan geen enkele van hulle is by hulle immigrasie-onderzoek die vraag gestel watter kontak hulle met die Kommunistiese Party het of in watter mate hulle simpatiseer met die idees van Josef Stalin nie.

Hoeveel van hierdie mense het onder die dekmantel van immigrasie op 'n Kommunistiese sending na Suid-Afrika gekom? Hoe dat Kommuniste uitgevoer word het onlangs in Amerika aan die lig gekom waar 'n blykbaar onskuldige persoon as immigrant in die V.S.A. toegelaat is.

DIE GEVAL EISLER

Hanns Eisler, wat deur Hitler uit Duitsland gejaag is vanweë sy skakels met Moskou, wou in 1939 na Amerika gaan. Hy is egter nie toegelaat om die land binne te kom nie. Met behulp van invloedryke persone soos mev. Eleanor Roosevelt het hy druk op die Amerikaanse owerheid probeer uitoefen. Hy kon egter nie sukses met hierdie taktiek behaal nie. Teen die einde van 1939 het hy deur middel van 'n Meksikaanse konsul 'n visa gekry. Op die Amerikaanse grens is hy egter voorgekeer en hy moes 'n eed aflê dat hy nie aan die Kommunistiese Party behoort of daarmee simpatiseer nie. Nadat hy dit gedoen het, is hy vrygelaat.

Aan die begin van hierdie maand het dit egter geblyk dat hierdie Eisler 'n aktiewe

„H.N.P. Sal Partylose Kandidate Nie Steun”

Die Nasionale Party het die beleid van die O.B. wat 'n partylose staat voorstaan baie duidelik gerepudieer, het adv. C. R. Swart, leier van die H.N.P. in die Oranje Vrystaat verlede week tydens die kongres van die party in Bloemfontein verklaar.

Die Nasionale Party kan nie saamwerk met 'n politieke party wat 'n gesagstaat begeer nie, het hy gesê.

Indien dit gebeur dat die O.B. die Afrikanerparty sal regeer, sal hy nie meer te vinde wees vir samewerking nie. Maar spr. wil aanneem dat mnr. Havenga sal toesien dat die beleid van die O.B. nie in die Afrikanerparty seëvier nie.

Adv. Swart het voorts verklaar: die Nasionale Party sal nie kan stem vir 'n kandidaat wat 'n voorstander van 'n partylose of gesagstaat is nie.

GEVAAR IN S.A.


Dit is bekend dat honderde persone—waaronder baie Jode—sedert die afgelope jare uit Oos-Europa na Suid-Afrika gestroom het. Hoeveel van hulle is geesgenote van Hanns Eisler?

As Kommuniste dit regkry om die Amerikaanse owerheid uit te oorlê nieteenstaande hulle strenge voorsorgsmaatreëls om Kommuniste nie in Amerika toe te laat nie, hoeveel makliker is dit nie vir „immigrante” om deur die oop deure van Suid-Afrika te stroom en hulle invloed en die taktiek van Moskou te laat geld deur kanale waar hulself nie nodig het om op die voorgrond te tree nie.

Dit is alleen as hierdie tipe persoon met die landswette bots dat hulle teenwoordigheid aan die lig gebring sal word.

Van die 33,000 immigrante is slegs 8,000 deur die regering se immigrasieskema gekeur. Of hierdie Keurkomitee in Europa opdrag het om Kommuniste uit te sluit, kan nie plaaslik vasgestel word nie.

Kommunis in Hollywood is waar hy hom laat geld as musikus en outeur. Hy is voor die komitee van on-Amerikaanse sake gedaag. Daar het dit geblyk dat hy in 1926 by die Duitse Kommunistiese Party aangesluit het en dat hy drie keer besoek aan Moskou afgelê het. Hy is beskryf as „die leidende figuur agter die Komintern se internasionale buro van musiek”. Hy sal as gevolg van sy Kommunistiese aktiwiteite gedeporteer word.



Berigte uit Duitsland meld dat die Duitsers hulle in toenemende mate teen die Britse besetters verset. Hierdie trein is onlangs net buite Mallnitz, in Oostenryk, deur die Duitsers ontplof. Hulle het drie bomme naby die brug geplaas. Net een het egter ontplof. Werkers is hier besig om die puin van die ontspoorde trein weg te ry.

Reën en Donder-Storms

Verwoestende donderstorms het teen die einde van die afgelope week orals oor die land losgebars en in sommige gebiede groot skade aangerig. Op baie plekke was dit egter welkome reëns as gevolg van die knellende droogte. Treinspoor het weggespoel sodat treine vertraag is. In die distrik van Griekwastad het sommige boere byna 2,000 skape verloor as gevolg van die die haelbuie en koue. Gesaaides het ook swaar gely.

Truman Vrees Depressie

Die weg is reeds voorberei vir 'n terugslag of depressie, het pres. Harry Truman in die afgelope naweek verklaar. Hy het twee weë vir die Amerikaanse volk voorgedra. „Ons kan wag totdat depressie op ons is en ons mense in die strate rondloop en werk soek. Die ander demokratiese volke sal moed verloor en maklik die prooi van totalitêre agressie word.

„Die ander weg is om dadelik op te tree. As Amerika dit doen kan hy die spiraal van inflasie tuis en die honger en koue in die buiteland keer,” het Truman verklaar.

Die Dominium Party het besluit om sy naam te verander. Hulle sal nou bekend staan as die South African Party.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Rolprente Sweep Naturelle Op

JOHANNESBURG. — Na aanleiding van die talle gevalle van aanranding en moord wat deesdae deur naturelle gepleeg word, het interessante inligting my bereik, skryf ons korrespondent uit Johannesburg. Dit het betrekking op vertonings van rolprente in naturelle-bioskope en ek twyfel nie aan die juistheid van die inligting nie. My segsman is betroubaar.

Hy deel mee dat sommige rolprente deur die sensors afgekeur word vir vertoning aan naturelle. Daar word op die faktuur wat die rolprent vergesel die instruksie: „Not for natives”, met 'n rubberstempel getjap. Die bioskoop-eienaars steur hulle oënskynlik nie hieraan nie. Die prente word voor die voet vertoon.

Hy deel voorts mee dat die naturelle, veral Saterdagande

in ekstase raak oor die vertoning van byna naakte vroue op die silwerdoek, en hul opgewondenheid betuig deur 'n wilde gefluit en allerlei wellustige uitroepe.

As in gedagte gehou word dat die vertoning van sekere rolprente minderjariges somtyds nadelig beïnvloed, dan kan enigsins 'n denkbeeld gevorm word van die sorgwekkende gevolge wat sodanige vertonings op minderbeskaafdes het. — (Korr.)

Duitsers Saboteer Britte

Rusland Kapittel Pirow

Suid-Afrika was die afgelope naweek nogmaals die skyf van die Russiese aanvalle in die V.V.O. Andrei Wisjinski, Russiese afgevaardigde, het verwys na die behandeling wat Indiërs in Suid-Afrika ontvang en as getuie het hy 'n brief voorgelees wat in The Friend verskyn het. Dit gaan oor die behandeling van 'n Indiër-vrou in die tronk sou ontvang het.

„Wat van die bedrywighede van Oswald Pirow, wat 'n beroep op die Westerse moondhede gedoen het om die stryd teen die Sowjet-Unie voort te sit”, het hy verklaar na Sapa berig.

Wisjinski het sy aanval begin nadat mnr. Harry Lawrance, die Unie se afgevaardigde, kritiek op Rusland uitgeoefen het.

Meer as dertig persone is gedood en tussen 50 en 60 beseer toe 'n elektriese trein met kantoorwerkers in die buitewyke van Londen in 'n ander trein vasgejaag het. Stukke menseliggame het in alle rigtings oor die spoor gelê. Passasiers wat nog in die omgekantelde waens was, moes eenvoudig die ruite stukkend skop om uit te kom.

BRITTANJE NIE ENIGSTE MARK VIR ONS VRUGTE

Suid-Afrika vind in toenemende mate 'n afsetgebied vir sy vrugte in Amerika volgens Suid-Afrikaanse amptenare in New York wat hoop om gedurende die aanstaande seisoen sowat 500,000 kassies druiwe in Amerika van die hand te sit teenoor 80,000 kassies verlede jaar. Hierdie bekendmaking loonstraf die regering se stories dat Suid-Afrika geen ander mark vir sy vrugte, as Brittanje het nie.

Daar is tans 'n landswye vraag in Amerika na Suid-Afrikaanse vrugte omdat Suid-Afrika 'n goeie reputasie opgebaat het. Pryse van Suid-Afrikaanse vrugte in Amerika was verlede jaar dubbel so hoog as wat druiwe uit Argentinië en Chili behaal het.

Suid-Afrika sal ook vanjaar pruime en pere aan Amerika sowel as aan Kanada verkoop.

LAER PRYSE

Volgens die bestuurder van die Sagtevrugteraad, mnr. J. van Willigen, meedeel, sal die Unie onder die huidige kontrak met Brittanje 2,500,000 kassies druiwe na Brittanje uitvoer teenoor 1,600,000 verlede jaar. Die prys van die druiwe sal hierdie keer baie laer wees as verlede seisoen as gevolg van

die bepalinge van die Brits-Amerikaanse leningsooreenkomste ingevolge waarvan Brittanje net toegelaat word om sy aankope in Amerika te staak indien hy sodanige goedere elders goedkoper kan koop.

Nuwe Polisse

Die geweldige omvang van versekering in ons land word enigsins weerspieël deur die jongste jaarsyfers van die bekende Afrikaanse versekeringsmaatskappy S.A.N.L.A.M. Hierdie maatskappy kondig aan dat hy vir die boekjaar, eindigende 30 September 1947, nuwe polisse uitgereik het vir 'n bedrag van meer as £18½ miljoen. Hierdie syfer is 'n vermeerdering van ongeveer £3½ miljoen op die syfer van die vorige boekjaar.